

5 April

Skrifgedeelte: Matteus 13:24-30, 36-43

Fokusgedeelte: Matteus 13:30

Met die oes sal die waarheid onthul wees

Wanneer ons die akker waarin gesaai word, as die wêreld verstaan, is dit gou duidelik dat die saad van die Woord daarin nie alleen is nie. Die duiwel is ook aan die saai in hierdie wêreld (vs 25, 37) en in die teenstelling van die gelykenis, uiters negatief vir die mensheid maar ook vir die koninkryk. Want Satan is 'n na-aper van God wat geen waardevolle opbrengs lewer nie.

Maar tog, die teenstelling – onkruid en koring – is in vele opsigte ook soortgelyk met mekaar. Sou daar voortydig opgetree word, kan die gevaar bestaan dat die een met die ander verwar kan word. Die onkruid was moontlik die sogenaamde swart koring (drabok of dravink) en dit het baie soos regte koring gelyk, daarom was die uittrek daarvan onmoontlik. Intussen verdring die slegte die koring.

So kom die koninkryk van God teenoor die ryk van die Bose in hierdie wêreld te staan, waardeur die aard van die koningskap aan ons vertolk word. Twee soorte mense staan op aarde teenoor mekaar: kinders van God en kinders van die Bose (vs. 38).

Die situasie word byna onhoudbaar vanweë God se geduld. “Wag tot die oes ryp geword het.” Waarom gryp Hy nie in nie? Maar dan moet ons verstaan, Christus wys die teregwyding nie af nie, Hy maak aan ons die skynbaar hopelose situasie van die kerk in die wêreld bekend. Dit wil net lyk asof die goddeloosheid in hulle welige groei die oorhand kry. Dan kom die skeiding met die oes.

Langs die ware, vrome kind van God saai die duiwel die skynvrome – dink aan die dissipels met Judas Iskariot in hulle midde. Langs die Christendom wat deur God in Christus gewil is, saai die duiwel die skyngodsdienste en ideologieë wat ook 'n ewige heerlijkheid (heilstaat) voorhou.

Maar met die finale oordeel, die oesdag, sal ons sien en verstaan dat God se geduld met die onkruid was ter wille van die behoud van die ware koring, want dan sal die onkruid met vuur verbrand (vs. 30) en die regverdiges soos die son glinster in die koninkryk van God (vs. 43).

Sing: Skrifberyming 24:7 (1-1:7)

Ds. JE Franck (Ladysmith/Glencoe)